



DIE STRANDLOPER

Hierdie is die vyfde verslag vir 2020.

POLITIEK

- Die verwarring wat deur die Covid-19 virus veroorsaak word, duur voort. Dit verwar beide die mediese en ekonomiese gemeenskap in die sin dat dokters die virus nog nie ten volle verstaan nie en dus nie weet hoe om pasiënte te behandel wanneer hulle in die hospitaal beland nie, terwyl ekonome, veral een wat ek al baie lank persoonlik ken, geen gevoel het vir wat in die res van die jaar met die ekonomie gaan gebeur nie.
- Ons sal dit eerder nie in die politieke omgewing waag nie, waar sommige politici van mening is dat hulle álles kan beheer – van die punt waar hulle mense verbied om wettige sigarette te rook, tot die skoen wat jy mag dra tot die kos wat jy aan honger mense wil uitdeel!
- Is die minister van openbare ondernemings en die vakbonde regtig vasbeslote om SAL uit die ashoop te laat herrys terwyl soveel finansiële gesonde lugdienste in diep moeilikheid is?
- Die pandemie sal 'n impak op die VSA presidensiële verkiesing op 3 November hê weens die swak vertoning van die ekonomie en die hoë werkloosheidskoers, maar tot watter mate kan niemand tans voorspel nie.
- Die pandemie beïnvloed ook die Brexit onderhandelings, maar Boris Johnson is van mening dat die VK die Europese Unie (EU), nieteenstaande skerp meningsverskille tussen VK en EU onderhandelaars, teen die einde van die jaar sal verlaat—met of sonder 'n ooreenkoms.
- Volgens die voorsitter van die Afrika Unie, hanteer Afrika die Covid-19 epidemie baie goed, maar word sommige van die agtergrond probleme soos malaria, MIG/Vigs, tuberkulose, diabetes, armoede en hongersnood nie verwaarloos nie?
- Intussen is 'n hele aantal Afirikalande besig om aanvalle van Moslem ekstremiste te beveg. Alhoewel baie van hierdie konflikte in lande soos Mali, Niger, Nigerië, Burkino Faso plaasvind, wonder 'n mens of ons weet wat die werklike situasie in die noorde van Mosambiek is?
- Na die aankondiging van nuwe wette en reëls vir Hongkong, het die spanning tussen die VSA en China skerp gestyg en kan dit oorspoel in verhoogde spanning op handelsgebied in komende weke en maande.
- Die Groot Leier van Noord-Korea hou sy lyf deesdae skaars en wonder mens wat hy in die mou voer – miskien bang vir die onsigbare virus of een of ander ander siekte?
- Die veiligste wyse om die koronavirus te hanteer, is blykbaar om jou hande te was, 'n masker te dra, om weg te bly van familie en vriende, terwyl jy net jou vyande besoek en sodoende 'n veilige sosiale afstand behou! (Ek veronderstel dit is wat ons regering wil hê, ons moet doen?)



INTERNASIONAAL

- Tans word die wêreldekonome ondersteun deur groot bestedingsprogramme, leningswaarborges en uitgestelde belastinge wat versekeie regerings onderneem. Dit veroorsaak begrotingstekorte deur bykomende uitgawes en uitgestelde inkomste. Baie van hierdie programme is vir 'n beperkte tydskuur en sal waarskynlik volgende jaar omgekeer word. Hierdie fiskale maatreëls word ondersteun deur die monetêre beleid wat deur sentrale banke gevolg word wat rentekoerse verlaag en programme volg waardeur die likiditeit in die finansiële stelsels verhoog word. Terwyl die monetêre ondersteuning voortduur, het die verlaging van rentekoerse in baie lande tot 'n einde gekom.
- Die programme wat deur regerings en sentrale banke gevolg word, ondersteun groei in 2020, maar sal waarskynlik groei in 2021 demp wanneer die programme omgekeer word. Dit versag dus die negatiewe groeikoerse vir 2020, maar beperk die groei wat in 2021 verwag word.
- Tans word negatiewe groei van sowat 5% vir 2020 voorspel, terwyl positiewe groei van net meer as 5% vir 2021 verwag word.
- Tans word negatiewe groei van sowat 6.5% vir die VSA negatiewe groei van meer as 9% vir die VK, negatiewe groei van amper 7% vir die Eurogebied, negatiewe groei van amper 6% vir Duitsland, negatiewe groei van sowat 6.5% vir Japan en positiewe groei van net meer as 1% vir China voorspel. Huidige voorspellings is dat al die bogenoemde lande in 2021 positiewe groei sal toon. Hou in gedagte dat die verwagte positiewe syfers vir 2021 van 'n baie lae basis kom.
- Voorspellings is dat werkloosheid in die meeste lande skerp sal styg, maar veral in die VSA waar werkloosheid tans 14.4% is en die Mei syfer tot sowat 20% kan styg. In die VK is werkloosheid 3.9%, in die Eurogebied 7.4%, in Duitsland 3.5%, in Japan 2.6% en in China 6%. Die huidige VSA werkloosheidsyfers, en negatiewe ekonomiese groei, is nie goeie nuus vir die dienende president indien hy in November weer herkies wil word nie.
- Die inflasiekoerse sal volgens voorspellings in beide 2020 en 2021 in die ontwikkelde lande onder beheer bly – niemeenstaande die sterk likiditeitsinspuiting wat die wêreldekonome tans kry nie. Tans is die inflasiekoerse in die VSA 0.3%, in die VK 0.8%, in die Eurogebied 0.1%, in Duitsland 0.6%, in Japan 0.1% en in China 3.3%.
- Korttermynrentekoerse is tans in die meeste ontwikkelde lande op baie lae vlakke en in sommige gevalle selfs negatief. Dit word aanvaar dat daar baie beperkte moontlikhede bestaan om rentekoerse verder te verlaag en dat verdere rentekoerse verlagings ekonomiese groei nie noemenswaardig sal versnel nie. Daarom word verwag dat sentrale banke eerder likiditeit sal verhoog deur byvoorbeeld die aankoop van staats- of selfs maatskappyeffekte in komende maande.
- Langtermynrentekoerse het in die afgelope maand gemengde bewegings getoon. Op 29 Mei het die VSA tienjaar staatseffekte teen 0.64% verhandel (0.61% op 1/5/20), VK regeringseffekte teen 0.18% (0.25% op 1/5/20), Duitse effekte teen -0.45% (-0.58% op 1/5/20), Japanse effekte teen -0.1% (-0.02% op 1/5/20) en Chinese effekte teen 2.7% (2.51% op 1/5/20). Waar 'n maand gelede verwag is dat langkoerse verder kan daal in komende maande, is dit tans nie meer 'n gegewe nie omdat verwag word dat na 'n baie swak tweede kwartaal in die meeste ontwikkelde lande, tekens van herstel reeds in die derde kwartaal waargeneem sal word. Dit kan 'n vloer onder verdere langkoerse dalings in die tweede helfte van die jaar plaas.
- Gegewe dat die Chinese ekonomie in Maart en April tekens van herstel getoon het, het heelwat algemene kommoditeitspryse in die



afgelope maand matige stygings getoon. Ystererts 62% fe het 9.8% gestyg, rodium 8.4%, steenkool 1.6%, maar palladium het met 0.8% in die laaste maand gedaal. Dit word algemeen verwag dat algemene kommoditeitspryse in die res van die jaar redelik swak sal vertoon weens die verlangsaming van die wêreld ekonomie en die herstel in die tweede helfte van die jaar slegs matig sal wees.

- Goud het met 2.7% en platinum met 7.9% in die afgelope maand gestyg. Goud baat steeds by die lae internasionale rentekoerse, die voldoende likiditeit in finansiële markte sowel as die verhoogde spanning tussen die VSA en China in die afgelope paar weke. Dit word verwag dat hierdie onderliggende faktore steeds aanwesig sal wees in komende weke en maande. Goud kan dus verdere ondersteuning gedurende hierdie periode ontvang. Enige verbetering in die wêreld se motormark sal moontlik platinum, palladium en rodium ondersteun. Hierdie kommoditeite kan ook ondersteun word deur enige ontwrigting in die Suid-Afrikaanse mynbousektor.
- Die internasionale olieprys het die afgelope maand baie sterk herstel getoon. Brent ruolie het met 39.7% en West Texas Intermediate met 88.4% in die afgelope maand gestyg. Dit is 'n weerspieëling van 'n té skerp daling in vorige periodes, verdere vermindering van produksie weens die lae olieprys, asook aanduidings dat die vraag in een van die belangrike oliebruikerslande, China, kan herstel. Terselfdertyd word verwag dat bogrondse voorraadvlakke steeds redelik hoog is en dit tyd sal neem om dit tot aanvaarbare vlakke te verminder. Daarom word verwag dat die olieprys 'n matige herstel tot die einde van die jaar sal toon.

PLAASLIK

- Die jongste vooruitskattings dui steeds dat die plaaslike ekonomie in 2020 'n diep resessie sal ervaar. Dit is steeds feitlik onmoontlik om te bepaal watter skade aan die ekonomie gedoen is tydens die twee maande van inperking asook die sektore wat steeds geslote is – sommige waarvan dalk eers in die derde kwartaal van die jaar toegelaat sal word om te open. 'n Groot mate van onsekerheid word geskep deur teenstrydige stellings van ministers en die verwarring wat daardeur ontstaan.
- Dit is egter seker dat baie verbruikers tans in 'n baie swakker posisie is as voor die inperking omdat baie hul werk of deel van hul inkomste verloor het. Dit word ook aanvaar dat verbruikers baie versigtig sal wees om weer in inkoopentrums te gaan in komende weke en maande omdat die virus steeds aanwesig en onsigbaar is terwyl die inperking verslap word. Indien infeksies in komende weke skerp styg – soos voorspel word – word aanvaar dat verbruikers nóg versigtiger sal wees.
- Gegewe die goeie somer reënvalseisoen wat ons gehad het, word verwag dat die landbousektor 'n positiewe bydrae tot die algemene groeikoers van die land in 2020 sal maak. Eerste aanduidings is dat ons selfs 'n goeie winterreënvalseisoen sal hê. Sommige dele van die land worstel egter steeds met 'n erge droogte.
- Die handelsrekening het in April 'n rekord tekort van R35 miljard getoon met uitvoere wat 55.1% gedaal het, terwyl invoere met slegs 6.5% afgeneem het. Dit het die handelsrekening met 'n tekort van R0.3 miljard in die eerste vier maande van die jaar gelaat. Dit word verwag dat die tekort op die lopenderekening van die betalingsbalans vanjaar sowat R100 miljard sal wees. Hierdie tekort behoort deur die



invloei van korttermyn buitelandse kapitaal finansier te word.

- Ongelukkig is die aanduidings dat die begrotingstekort van die sentrale regering vanjaar baie groot sal wees en in die orde van 15% van die bruto binnelandse produk (BBP) kan wees teenoor die internasionaal aanvaarde norm van 3%. Hierdie onaanvaarbare situasie is die gevolg van die verwagte tekort aan inkomste weens die swak vertoning van die ekonomie asook die aangekondigde toename in uitgawes om die ekonomie te ondersteun – asook Kuba. Uiteindelik sal die regering uitgawes moet besnoei om die begrotingstekort en staatskuld onder beheer te bring – dit moet alle vlakke van die openbare sektor betrek naamlik sentrale, provinsiale en plaaslike regering asook alle staatsondernemings en beslis ook SAL! Dit dui ook daarop dat droomidees soos die Nasionale Gesondheidsversekeringskema nie bekostig kan word nie.
- Werkloosheid styg en die amptelike syfer sal vir die res van die jaar asook in 2021 bo 30% wees. Dit dui daarop dat sosiale onrus en misdaad in komende maande skerp kan toeneem.
- Inflasie bly goed onder beheer met die jongste syfer van 4.1% vir Maart teenoor die 4.6% van Februarie. Die verwagting is dat die April syfer meermale aangepas sal moet word omdat inligting moeilik bekombaar was tydens die inperkingsperiode. Voorspellings dui daarop dat die gemiddelde inflasie vanjaar naby aan die laagste vlak van die teikenband en selfs onder 3% kan wees.
- Gegewe die swak vertoning van die plaaslike ekonomie, die hoë en stygende werkloosheid, sowel as inflasie wat onder die mikpunt van 4.5% bly, het die Reserwebank rentekoerse met 50 basispunte verlaag om die prima-uitleenkoers op 7.25% te staan te bring. Waar die Reserwebank in April aangedui het dat rentekoerse met 'n verdere 125 basispunte verlaag kan word, het hulle nou aangedui dat rentekoerse waarskynlik nie verder sal daal nie. Die Bank sal egter finansiële toestande verlig deur eerder likiditeit in die finansiële markte te pomp. Terselfdertyd is dit onwaarskynlik dat kortkoerse selfs in die volgende twee jaar sal styg.
- Langtermynrentekoerse het die afgelope maand aansienlik gedaal. Op 29 Mei het die tienjaar staatseffekte teen 8.9% verhandel – 1.38% laer as 'n maand gelede. Die swak vertoning van die ekonomie asook die volgehoue lae inflasiekoers, dui daarop dat langkoerse in komende maande verder kan daal. Terselfdertyd dui die feit dat ons uit die Wêreld Staatseffekteindeks geval het, dat ons tot rommelstatus verlaag is en dat die openbare sektor se vraag na langtermynfinansiering skerp toeneem, daarop dat hierdie rentekoerse in komende maande onder opwaartse druk kan kom.
- Die rand bly onstabiel. Dit verswak weens vrese rakende die blootstelling aan ontluikende lande in die algemeen, enige dollar sterkte, die onsekerhede weens die virus inperkings, politieke onsekerhede weens die moontlike grondonteiening sonder vergoeding sowel as die inwerkingstelling van die onbekostigbare Nasionale Gesondheidsversekeringskema, die stygende begrotingstekort en gevolglike styging van die openbare sektor skuld en die risiko dat dit verdere kredietafgraderings kan meebring, asook die risiko van verdere kapitaaluitvloei. Terselfdertyd baat die rand tot 'n mate by die rentekoersverskille tussen plaaslike en internasionale rentekoerse sowel as die steeds goed funksionerende finansiële stelsel.



BELEGGINGSOMGEWING

- Die wêreld ekonomie beweeg stadig uit die drastiese inperkingsperiode. Dit help dat sentimente orals in die wêreld verbeter. Die onderliggende vrees bestaan egter dat daar 'n volgende rondte van erge Covid-19 infeksies kan plaasvind wat sentimente kan versteur en wat dan finansiële markte weer eens kan ontwig.
- Tydens periodes van onsekerheid is die dollar en VSA finansiële markte steeds die belangrikste veilige bestemmings in die finansiële wêreld. Intussen wil dit voorkom asof die dollar in 'n redelik nou band teen die vernaamste geldeenhede beweeg.
- Die Switserse frank en jen word ook as veilige bestemmings in tye van onsekerheid beskou.
- Internasionale korttermynrentekoerse word verwag om meestal sywaarts in komende weke te beweeg. Geen styging word van hierdie koerse verwag voor minstens die einde van 2021 nie.
- Internasionale langtermynrentekoerse word ook verwag om meestal sywaarts in komende weke te beweeg weens die steeds swak vertoning van die wêreld ekonomie, die stygende werkloosheid sowel as die volgehoue lae inflasiekoerse. Dit is onwaarskynlik dat hierdie rentekoerse voor die einde van 2021 enige sterk opwaartse tendens sal toon.
- Internasionale aandelebeurse het die afgelope maand goed vertoon.
- Nieteenstaande die swak vooruitsigte vir groei en daarom vir maatskappywinste en – dividende was beleggers en spekulante gewillig om fondse in aandelebeurse te stort in die hoop van kapitaalappresiasie en dividende wat beter as rentekoerse – en veral negatiewe rentekoerse – sal wees.
- Algemene kommoditeitspryse toon stadige en matige herstel wat die verslapping van inperkings asook ietwat beter vertoning van China weerspieël.
- Goud word ondersteun deur voortgesette lae rentekoerse, voldoende likiditeit en meer politieke spanning.
- Oliepryse herstel en matige stygings word tot die einde van die jaar verwag.
- Plaaslike korttermynrentekoerse sal na verwagting sywaarts beweeg en sal waarskynlik nie enigsins hoër neig voor einde 2021 nie.
- Plaaslike langkoerse het die afgelope maand gedaal. Dit weerspieël die afname in die vrees vir die kredietafgraderings asook die gevolglike groot kapitaaluitvloei wat die land beleef het. Die groot openbare sektor vraag na langtermynfinansiering plaas opwaartse druk op hierdie rentekoerse.
- Die plaaslike aandelebeurse verswak weens die swak vertoning van die plaaslike ekonomie. Dit word egter wel beïnvloed deur internasionale aandelebeurse-tendense.
- Die rand bly wisselvallig, maar het in die langtermyn 'n swakker tendens teenoor al die belangrike geldeenhede.

Ulrich Joubert

1 Junie 2020.

Hoewel moeitegedoen is om hierdie dokument so noukeurig moontlik optestel, aanvaar die opsteller hiervan geen verantwoordelikheid vir die besluite wat op grond van die inligting hieringeneem word nie.

Kontakbesonderhede: ulrich.joubert@gmail.com | sel: 083 458 1370

